VOLUME 2/2011

NOVEMBER 2011

STRUISIEBONDER

HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

# STRUISIES VEREER UITMUNTENDE RUDIE

Elke twee jaar vereer die Struisiebond en Hoërskool Oudtshoorn 'n oud-Struisie wat buitengewoon gepresteer het. Vanjaar het hierdie eer Dr Rudie Jansen van Vuuren van Namibië te beurt geval en is die ***Officia Tua Diligimus*-toekenning** aan hom gemaak. Vry vertaal beteken dit "ons huldig jou werksprestasie". Daarmee word hy deel van 'n uitgelese groepie oud-Struisies wat alreeds die toekenning ontvang het. Hoërskool Oudtshoorn het ook 'n oorkonde aan hom oorhandig.

Rudie Jansen van Vuuren is op 20 September 1972 in Windhoek, Namibië gebore en matrikuleer in 1990 aan Hoërskool Oudtshoorn waar hy ook op die Leerlingraad dien. Rudie het 'n groot passie vir sport gehad en verteenwoordig dan ook Suid-Kaap Skolekrieket en die SWD Cravenweekrugbyspan daardie jaar. Hy speel 'n groot rol in beide Struisies se oorwinning oor Kwaggas en SWD se oorwinning oor die sterk WP-span op Nuweland!

In 1996 behaal hy sy MB ChB aan die Universiteit van Stellenbosch en bekwaam hy hom verder in Ginekologie en Verloskunde. Hy word ook deur die Dekaan van die Mediese Kampus vereer vir sy bydrae tot die bevordering van sport. Rudie is tans ook vennoot in die grootste private mediese praktyk in Namibië, Khomas Medical Practice.

In 2000 trou Rudie met die bekende Namibiese bewaringspersoon, Marlice. Hulle het twee pragtige seuns, Zacheo en Nicklai. Marlice word veral onthou vir die VW-advertensie waar die cheetah by die venster uithang. Rudie en Marlice stig die ***Naamkuse Foundation*** in Namibië met die uitdruklike doel om die San [Boesman] bevolking te help bewaar. Deur die Naankuse Lifeline Clinic by Epikuro lewer hulle gratis mediese dienste aan ongeveer 3500 San elke jaar. Die bekende Shiloh Jolie Pitt Fund word ook deur hulle bestuur. Rudie, 'n ywerige vlieënier, gebruik sy Cesna 182 om by al hierdie dinge te kom.

Op sportgebied sal Rudie egter onthou word vir die feit dat hy die ***enigste speler ter wêreld is wat sy land in twee Wêreldbekertoernooie, Krieket en Rugby [2003], verteenwoordig*** het. Die Observer, hoogaangeskrewe koerant in Brittanje, het ook vir Rudie aangewys as een van die top 10 veelsydigste sportmanne van alle tye.




Struisiebond, Hoërskool Oudtshoorn en die gemeenskap van Oudtshoorn vereer graag hierdie besondere, nederige en Godvresende oud-Struisie!

IN HIERDIE UITGAWE


| | |
|---|---|
| STRUISIES SE GIMNASIUM | 2 |
| NUWE LEIERS VIR 2012 | 2 |
| WERKSKEPPERS | 2 |
| PIONEER TREK CYCLING | 3 |
| REÜNIES 2012 EN 2013 | 3 |
| PERCY WILLIAMS | 4 |
| STRUISIE-KRIEKET TOPS | 4 |


**Vir die 2012-kalender...**

29 Feb OHSCHAS

9 Jun Hondeskou

2 Aug Groot Brag

3 Aug OudStruisies-funksie

4 Aug STRUISIEDAG

7 Aug Jeugkuns- en Fotoweek

# GIMNASIUM VIR STRUISIES

Hoërskool Oudtshoorn kan ook nou spog met 'n ten volle toegeruste gimnasium om nog meer kompeterend te word. Om in vandag se topliga-skolesport te presteer, het dit nodig geword dat kondisionering van Struisies se sportmanne en –vroue ook wetenskaplik benader word.

Die gimnasium sal tot die beskikking van alle Struisies wees en oefeninge sal onder behoorlike toesig geskied. Net die beste apparaat word geïnstalleer en die sportafrigters van Struisieland is baie opgewonde oor die uitstekende gerief op die skoolterrein. Towers Trust het ruim bygedra tot hierdie aanwins vir Struisies [R315 000] en die Struisiegemeenskap sal hulle ewig dankbaar bly.  Oor 'n paar jaar gaan ons beslis die resultaat sien!



**Struisies se gimnasium in wording!**

# LEARNER LEADERS FOR 2012

The Struisiebond would like to congratulate the following leaders for 2012 and would like to express the hope that they will make a difference :
**RCL**: Headboy:  Donrich van Schalkwyk; Headgirl: Anica Potgieter; Deputy Headboy: John-Henry Schmitt; Deputy Headgirl: Chantelle Petersen.

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

## *Anica en Stephan: "werkskeppers"*

Die Libere Stigting is 'n nie-winsgewende organisasie wat werklose mense bemagtig om iets te verdien om sodoende hulself op te hef en 'n volhoubare inkomste te genereer. Hierdie stigting gee inhoud aan die gesegde "*leer eerder 'n persoon visvang as om vir hom 'n vis te gee".*

Dié stigting het in Oktober 2009 afgeskop met 'n ontwerp-vir-werkkompetisie wat geleentheid vir leerders van George, Oudtshoorn, Mosselbaai en Knysna gebied het om funksionele, handgemaakte produkte van afvalmateriaal te ontwerp.  In 2010 is die kompetisie nasionaal aangebied vir leerders.

Die wenprodukte is tot dusver deur groepe werklose vroue, vroue met kinders, gestremdes en bejaardes in die George-omgewing vervaardig. So poog die stigting om enersyds die vraagstuk van armoede en werkloosheid en andersyds besoedeling [afvalprodukte] aan te spreek. Libere sluit ook kontrakte met jong ontwerpers wat dit ook vir hulle lonend maak.

Vanjaar het twee Struisies, Anica Potgieter en Stephan Lategan, puik presteer.  Stephan het 'n tweede plek in die dekorafdeling behaal terwyl Anica die juweliersafdeling gewen het. Anica se juweliersontwerp van verlede jaar onderhou en voorsien tans 'n inkomste aan vyf gesinne!

Struisiebond en die ganse Struisiefamilie sê dankie aan hierdie vindingryke Struisies en

## *STRUISIES HOST FOR PIONEER*




## KORT NUUS ...

- AD ASTRA-KOOR spog met A++ by Outeniqua Koorfees
- Ruhan Slabbert [1997] verwerf sy PhD aan die Universiteit van Stellenbosch
- Jacques Nortier, oudStruisie, het as lid van 'n filmspan van National Geographics, 'n *Emmy-toekenning* ontvang vir die verfilming van migrasie van Zebras in Botswana
- Martie v d Westhuizen, oudStruisieleerkrag, was instrumenteel in die aanwys van De Rust as Dorp van die Jaar

## *GESEËNDE KERSFEES & VOORSPOEDIGE 2012*

Die Struisiebond en Personeel van Hoërskool Oudtshoorn wens alle oudStruisies en hul gesinne 'n geseënde kerstyd en voorspoedige 2012 toe.



### REUNIONS / REÜNIES

Die Struisiebond moedig alle oudStruisies aan om betrokke te raak by hul jaartal se reünies. Waar die Struisiebond kan, ondersteun ons die organiserende komitees om hul onderskeie reünies te reel, en logistieke hulp aan te bied en advies te gee.

Kontak gerus die Struisiebond by 044-2791623 of 082-7734901 of struisiebond@oudhs.wcape.school.za

Gaan asseblief na Struisies se webtuiste [www.oudhs.co.za] en voltooi die aanlyn-inligtingsvorm

Lees jou STRUISIEBONDER op www.oudhs.co.za

## REÜNIES 2012 en 2013

'n Sekere professor het per geleentheid die volgende waarheid kwytgeraak: *"'n reünie is soos 'n goeie vry - jy kan weer een kry, maar die wat verby is, is vir altyd verby."*

Die skool en die Struisiebond wil baie graag help om reünies vir 2012 te inisieer en nooi alle matrieks van 1972, 1982, 1992 en 2002 om met Dave van der Walt [082-7734901] en [dave@oudhs.wcape.co.za] kontak te maak.

2013 gaan 'n groot jaar vir Struisies wees - dan vier HS Oudtshoorn sy 50-jarige bestaan. 'n Groot makietie word beplan en inligting sal so gou moontlik bekend gemaak word. Die matrieks van 1973, 1983, 1993 en 2003 word nou al versoek om hul groepe te organiseer vir Reünie 2013!





PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za




**SPORT**

**HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL**

STRUISIEBOND
Posbus/P.O.Box 194
OUDTSHOORN 6620

Tel : 044-2791623
Fax: 044-2725365
Email : struisiebond@oudhs.wcape.school.za

## STRUISIEBOND

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

## SILVER FOR STRUISIES in SEVENS

The Struisies U/19 Sevens Rugby Team won the SWD @lantic Sevens Tournament for schools in George in March earlier this year and qualified for the National @lantic Tournament in Konka near Rustenburg in November where the top 16 schools in South Africa were in action.

And what a crusade it was! After losing to Waterkloof in the first game, Struisies went on to beat Maritzburg College [29-19] and Brandwag of Benoni [28-12] to reach the semi-final. Here they came back in the last minutes to clinch the game against the favourites, HTS Louis Botha, Bloemfontein, to progress to the final! [29-18]

In the final they lost to last year's champions, Tygerberg High School in a thrilling game!

We salute the Struisies Sevens Team - you made us all proud!

**ENB STRUISIEDAG 2012**
**4 AUGUSTUS**
Tref nou reeds jou reëlings vir hierdie GROOT geleentheid !

# GROOT EER VIR PERCY WILLIAMS

Kurshwill [Percy] Williams, een van Struisieland se groot sportsterre, beleef 'n groot jaar en die toekennings stroom in vir hierdie nederige seun. Percy het vanjaar die eerste Struisie geword om die SA Skole Rugbyspan te verteenwoordig en sodoende sy Bokkie-kleure te verdien.

Tydens HS Oudtshoorn se prysuitdeling word hy vereer met 'n spesiale oorkonde. Hy ontvang ook die volgende toekennings in 2011:

- SWD Arende Rugby se Cravenweekspeler van die Jaar
- SWD Skole Sportorganisasie se Sportman van die Jaar
- SWD Sportraad se Junior Sportman van die Jaar.

Percy is deur die Lions Rugbyunie gekontrakteur en gaan sy studies aan die Universiteit van Johannesburg voortsit. Struisiebond salueer 'n nederige en talentvolle Struisie.

### *BLITZ SPORTNUUS*

- **Blaine James word aangewys as SWD Arende Rugby se Cravenweekvoorspeler vir 2011**
- **Keagan Fortuin is gekies om die SWD 0/19 Krieketspan in Desember in Kaapstad te verteenwoordig**
- **Rudolph Serfontein verower 'n silwer medalje by die Afrika-Karatetoernooi in Rustenburg**
- **Lawton van Aswegen is gekies om SWD Skaak in Desember by die SA Kampioenskappe te verteenwoordig**






# STRUISIEBOND


## HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

POSBUS/ P.O.BOX 194 OUDTSHOORN 6620

TEL 044-2791623 e-mail : struisiebond@oudhs.wcape.school.za


**LIDMAATSKAPVORM / MEMBERSHIP FORM**

*DUI AAN MET X / INDICATE WITH X*

| | | |
|---|---|---|
| OUDSKOLIER<br>EX-SCHOLAR ☐ | ONDERSTEUNER<br>SUPPORTER ☐ | OUDONDERWYSER<br>EX-TEACHER ☐ |

VAN / SURNAME : ______________________________

NOOIENSVAN / MAIDEN NAME : ______________________________

VOORNAME / FIRST NAMES : ______________________________

ADRES / ADDRESS : ______________________________

______________________________________________

KODE / CODE : ______________

e-pos / e.mail : ______________________________

TEL: KODE/CODE :__________NR/NO :______________________________

MATRIEKJAAR / MATRIC YEAR : ______________________________

**LEDEGELD / MEMBERSHIP FEE : R50 p.a.**

BETALING / PAYMENT : TJEK / CHEQUE : ☐

DIREK / DIRECT : ☐ TTi, FNB, OUDTSHOORN, 62129269793